

Ariane bewys haar tegniese vaardighede by die Tankwa Trek



WWW.OAKPICS.COM

Gevare van fietsry

As 'n fietsryer is **Erik Kleinhans** wel bewus van die gevare wat hom daagliks in die oë staan terwyl hy sy sport beoefen. As 'n fietsryer wat getroud is aan 'n mede-fietsryer, is hy vanselfsprekend nog ekstra bewus van die risiko's waaraan sy beter helfte ook op 'n daaglike basis blootgestel is terwyl sy êrens bo in die berge rondjaag.

So, 'n mens is nie altyd seker hoe jy gaan voel as jy 'n effe histeriese oproep van jou vrou af kry nie.. Ariane was die dag uit saam met haar vriend en tegniese vaardighede-afrigter, Sven Lauer. Ek het nie eers geweet hulle is 50 kilometer weg by die Meerendal-roetes nie, so gewoon raak mens aan die daaglikse roetine van oefen. Terwyl ek rustig op Ride In se stoep sit en middagete geniet, kry ek onverwags 'n baie histeriese oproep van Ariane. Ek kon oorspronklik niks uitmaak wat sy probeer sê nie, sy het skaars geweet sy't my gebel so erg in skok was sy, maar sy kon haarself soort van regruk en al wat sy vir my kon skree is net hoeveel bloed daar is!

Met 'n knop in my keel ver wag ek

natuurlik die ergste...

Ariane het nog so bietjie gaan trap op haar eie na haar tegniese oefensessie, en in 'n draai het sy konsentrasie verloor en êrens gedurende haar eenvoudige val het iets skerp haar linkerboud oopgesny. Die sny is 20 sentimeter is vir my gesê. Hoe kan dit wees? Ek kon dit nie glo tot ek dit self gesien het nie!

As daar nou een ding is wat altyd vir my uitstaan in die bergfietsbedryf waarin ons onself bevind, is dit die eenheid tussen die ryers, hoe hulle kan saamstaan, die vriendskappe wat opgebou word en hoe almal vir mekaar kan omgee. Ons ken vir Marleen al 'n klompie jare, want sy is ook gek oor bergfietsry. Sy bly in Durbanville



Ariane se 20 sentimeter sny.

naby aan waar Ariane geval het en net een oproep aan haar word omskep in 'n string goeie daad!

Marleen kontak 'n ander fietsry-vriendin, Tando wat nog nader aan waar Ariane geval het bly. Ons ken haar nie regtig nie, maar dit maak glad nie saak nie en sonder om twee keer te dink is sy in haar kar en binne 5 minute is Ariane ingelaai en op pad na Vaugh. Hy is ook 'n mede-bergfietsryer en plastiese chirurg wat weier dat Ariane na enige iemand anders as na hom gebring word. Hy verstaan fietsryers en wil seker maak sy mis nie eers een enkele oefensessie nie.

RECM's se Erik Kleinhans is een van Suid-Afrika se gewildste bergfietsryers. Hy het sy vrou, Switserse maratonkampioen Ariane, diep in die Kammanassieberge of die 2010 Cape Pioneer Trek ontmoet. Die jaar ry hy in die Epic vir die Specialized-span saam met Nico Bell. Volg hom op Twitter by @kleinhansmuesli of besoek sy webwerf www.kleinhansmuesli.com

Met ons kar in Durbanville sit ek vervoerloos in Stellenbosch en is ek amper op my fiets op pad na Ariane se redding, wat toe al lankal eintlik nie meer nodig is nie. Die keer is dit Henk, Marleen se ander helfte en natuurlik ook 'n bergfietsryer wat my kom oplaai by my huis sodat ek vir vroulike van die kliniek huis toe kan bring.

Ons is bevoorreg met Bonitas Mediese Fonds wat ons RECM-span ondersteun en ons spanbestuur maak seker alles is altyd perfek gereël en in plek, want iets soos bogenoemde kan so maklik met enige iemand gebeur. Geen fietsryer, maak nie saak hoe vinnig of stadig jy ry nie, kan vir altyd ongelukke vermy nie en ek hoop almal beskerm hulself teen groot mediese onkoste.

Dankie aan die ongelooflike vriendelike bergfietsgemeenskap wat dit altyd pret maak vir ons om ons naweke by die wedrenne te geniet en vir die gevoel wat 'n mens kry dat ons wonderlike sport groter is as net jou posisie wat jy elke Saterdag losjaag!

"SY HET SKAARS GEWEET SY'T MY GEBEL SO ERG IN SKOK WAS SY, MAAR SY KON HAARSELF SOORT VAN REGRUK EN AL WAT SY VIR MY KON SKREE IS NET HOEVEEL BLOED DAAR IS!"